

Anton en Maureen van Tonder van die Moot was van die gelukkiges by die paddanag wat 'n padda kon vang om onder hul koplampies dop te hou.



Louise en Marius Stroebel van Centurion.



Die gesin het besluit om paddanag met hul Kerspiekniek te vier: Voor; Chantel de Wet van Doornpoort. Middel: Daniel Heyman van Pretoria-oos en Bernadine de Wet van Doornpoort. Agter: Esmeraelda de Wet.



Die Natuurklub van die Hoërskool Zwartkops het die paddanag as 'n projek aangepak. Hier is Zoe Handford, Mignon Hugo en Caitlin Handford.



Lelanie van Wyk en Louise Schutte met 'n stewige koplampie.

# Paddanag verkenningstog verskaf gesinne groot plesier in die natuur

Elize Parker

Meer as 300 paddaliefhebbers het op 2 Desember by Krokodilspruit naby Wallmansthal met hul stewige waterstewels en koplampe bymekaar gekom om op 'n verkenningstog in 'n vlei te gaan paddas soek en meer van die spesie te leer.

"Mnr Padda" van Suid-Afrika, prof. Louis du Preez van die Noordwes-Universiteit het gesinne met kinders wat opgewonde nette en emmers uitgepak het, tieners wat 'n bywoningsertifikaat vir hul ekologie-klas wou verwerf en natuurliefhebbers teen sonsondergang verwelkom.

Dit is die sesde jaar wat die Paddanag by die spruit aangebied word.

Du Preez het die paddaliefhebberstroppie in die Krokodilspruit-skietbaan se klubhuis ingelig wat hulle te wagte kan wees.

Hy is ernstig daaroor dat 'n bewustheid oor die bewaring van paddas gekweek word.

"Paddas is belangrik want hulle is 'n estetiese spesie. Ons het veral 'n diverse aantal werklik pragtige Suid-Afrikaanse paddas. Verder eet hulle skadelike insekte en is hulle self ook kos vir ander vleidiere soos voëls. Ons het paddas nodig en hulle vir ons," sê Du Preez.

Hy het daarop gewys dat chemiese besoedeling van water maak veral die lewe vir die kwakertjies tans moeilik.

Een derde van alle paddas in Suid-Afrika is bedreig.

Wêreldwyd het 160 paddaspesies al uitgesterf en 500 spesies word as krities bedreig deur ekoloë geklassifiseer.

"Mense kan paddas help deur betrokke te maak by hulle bewaring, besoedeling te bekamp en te sorg dat hul habitat nie vernietig word nie."



Suzanne Erasmus en Anniek Griebenow, beide van die Wilgers het die regte toerusting vir die paddanag gehad.



Daniel Cilliers.



Gerald Olivier en De Waal van Heerden het vooraf koppe bymekaar gesit om die paddaverkenningstog te bespreek. Olivier was ook een van die leiers by die spruit wat die paddaverkenners met wenke gehelp het oor presies waar om watter spesies te vind.



Lise Alberts van Pretoria-oos buk laag in die riete by die Krokodilspruit-vlei om 'n padda te soek.




Elrika Senekal-Van der Berg met 'n sertifikaat.



Hierdie driestuks het vroeg al voor sonsondergang die vlei by Krokodilspruit-skietbaan gaan inspekteer. Agter: Sebastiaan Prinsloo en Eben Muller van Kameeldrift. Voor: Mignon Prinsloo van Kameeldrift.